



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES V1

MODEL 2020

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

AFDELING A: VERPLIGTEND
 AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
 Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
 AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
 Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.
- Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

Let wel dat slegs die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.
- Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.
- Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
- Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
- Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	1	30	30
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	2	40	30
	3	40	30
	4	40	30
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	5	40	30
	6	40	30
TOTAAL		150	120

- Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.
- Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
- Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.
- 1.1.1 Hierdie Wet reguleer die implementering van regstellende aksie wanneer besighede nuwe werkers aanstel:
- A Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)
 - B Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)
 - C Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003)
 - D Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995)
- 1.1.2 Teddy Motorvervaardigers het die ... integrasie-strategie geïmplementeer toe hulle Wheel & Tyre Verskaffers gekoop het.
- A horisontale
 - B intensiewe
 - C voorwaartse
 - D terugwaartse
- 1.1.3. ABC Verf word in die ... sektor bedryf omdat hulle in die vervaardiging van verf spesialiseer.
- A sekondêre
 - B primêre
 - C tersiêre
 - D ekonomiese
- 1.1.4 Die proses om 'n nuwe werknemer se vaardighede en vermoëns by die vereistes van 'n pos te pas, staan as ... bekend.
- A opleiding
 - B keuring
 - C plasing
 - D werwing

1.1.5 Besighede gebruik gehalte-... om sleutelprosesse so te rig dat die korrekte gehaltestandaarde bereik word.

- A beheer
 - B bestuurstelsels
 - C versekering
 - D prestasie
- (5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

bestuur deur feite; besigheidsplan; werwing; administrasie;
vervreemding; bemarking; strategie; likwidasie; keuring;
voortdurende verbetering van prosesse en stelsels

1.2.1 Denise Ondernemings het ... as deel van 'n defensiewe strategie gebruik toe hul besigheid gestaak het en al hul bates verkoop het om skulde te betaal.

1.2.2 Die aksieplan wat deur besighede gebruik word om hul langtermyn-uitdagings te oorkom, staan as 'n ... bekend.

1.2.3 'n Advertensie vir 'n pos word gedurende die ... proses in die gepaste media geplaas.

1.2.4 Die ... funksie is verantwoordelik daarvoor om betroubare inligting betyds aan die bestuur beskikbaar te stel.

1.2.5 Die TGB-element van ... sluit die toepassing van die BDKH-('PDCA')-model in. (5 x 2) (10)

- 1.3. Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Leerlingskappe	A	proses om besigheids-aktiwiteite te monitor en prestasie te meet
1.3.2	Openbarebetrekkingsfunksie	B	meet die gehalte van die finale produk
1.3.3	Nasionale Vaardigheidsontwikkelingsstrategie	C	voorsien opleidingsmateriaal vir fasiliteerders
1.3.4	Totale gehaltebestuur	D	doen navorsing oor werknemers se behoeftes
1.3.5	Strategie-evaluering	E	lei na 'n formele kwalifikasie wat aan 'n spesifieke beroep gekoppel is
		F	bevorder toegang tot opleidingsprogramme
		G	proses om die strategie te ontwikkel en te implementeer
		H	vereis dat leerders 'n matrieksertifikaat moet hê as 'n minimum vereiste vir toetrede
		I	beoog om te verseker dat kliënte se behoeftes bo hul verwagtinge bevredig word
		J	stel gereelde, positiewe persverklarings oor die besigheid vry

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

- 2.1 Noem enige TWEE soorte diversifikasie-strategieë. (2)
- 2.2 Beskryf kortliks die rol van SOOO's ('SETAs') in die ondersteuning van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998). (8)
- 2.3 Identifiseer die verlobbepaling gestipuleer in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997) waaraan Vinnige Skoen Vervaardigers in ELK van die stellings hieronder voldoen het:
- 2.3.1 Ruth, die sekretaresse, is toegelaat om na die geboorte van haar baba vir vier agtereenvolgende maande by die huis te bly.
- 2.3.2 Ashley, die toesighouer, is daarop geregtig om tot 21 dae per jaar verlof te neem.
- 2.3.3 John, die finansiële klerk, het toestemming gekry om drie tot vyf dae by die werk af te neem om na sy siek ma om te sien. (6)
- 2.4 Verduidelik hoe besighede die volgende magte van Porter se Vyf Kragte-model kan toepas om hul posisie in die mark te bepaal:
- 2.4.1 Bedingingsmag van kopers/Kopersmag (4)
- 2.4.2 Mededingende wedywing/Mag van mededingers (4)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MARTHA & JANE MEUBELS (MJM)

Martha & Jane Meubels spesialiseer in die verkoop van kantoormeubels. Die winsgewendheid van die besigheid het weens die hoë inflasiekoers afgeneem. MJM is 'n swaar boete opgelê omdat hulle nie hulle handelslisensie betyds hernu het nie.

- 2.5.1 Haal TWEE uitdagings wat MJM moet hanteer uit die scenario hierbo aan. (2)
- 2.5.2 Klassifiseer ELKE uitdaging wat in VRAAG 2.5.1 geïdentifiseer is volgens die relevante PESTWO('PESTLE') -element. (4)
- 2.5.3 Beveel EEN manier aan waarop MJM ELKE uitdaging, soos in VRAAG 2.5.1 geïdentifiseer, kan oplos.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.5 te beantwoord.

UITDAGING (2.5.1)	PESTWO-ELEMENT (2.5.2)	AANBEVELING (2.5.3)
1.		
2.		

(4)

- 2.6 Stel DRIE praktiese maniere voor waarop besighede aan die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005) kan voldoen. (6)

[40]

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

- 3.1. Noem VIER aspekte wat by 'n indiensnemingskontrak ingesluit moet word. (4)
- 3.2. Beskryf kortliks die doel van induksie as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit. (6)
- 3.3. Bespreek TWEE salarisbepalingsmetodes wat werkgewers kan gebruik om die lone van hul werknemers te bepaal. (6)

3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

ELZETTE HANDELAARS (EH)

Elzette het vyf geskikte kandidate vir onderhoude genooi. Kandidate het dieselfde hoeveelheid tyd gekry. Elzette het al die kandidate se antwoorde opgeneem. Al die kandidate het selfvertroue getoon. Sommige kandidate het vroeë gevra om duidelikheid te verkry.

Haal uit die scenario hierbo die rol van die onderhoudvoerder en aansoekers gedurende die onderhoud aan.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.4 te beantwoord.

ROL	AANHALINGS
Onderhoudvoerder/Elzette	1. 2.
Aansoeker/Kandidate	1. 2.

(4)

3.5 Verduidelik die impak van TGB ('TQM') indien besighede dit swak implementeer. (6)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vroeë wat volg.

EKSLUSIEWE KLEREWINKEL (EK)

Zinhle is die eienaar van Eksklusiewe Klerewinkel. Sy is versoek om idees te deel oor hoe sy hoë gehaltestandaarde van haar produkte volhou. Sy het aangedui dat haar werknemers gereeld opleiding ontvang. Tyd en hulpbronne word ook effektief gebruik.

3.6.1 Haal TWEE voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel uit die scenario hierbo aan. (2)

3.6.2 Verduidelik aan Zinhle nog voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel. (6)

3.7 Stel maniere voor waarop TGB die koste van gehalte kan verlaag. (6)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

4.1 Identifiseer die verbruikersreg wat deur Carlio Bpk. in ELK van die stellings hieronder geïmplementeer word:

4.1.1 Die verkoops persoon laat kliënte toe om vir die beste prys rond te kyk.

4.1.2 Bestuur deel nie werknemers se persoonlike inligting met kliënte nie.

4.1.3 Kliënte word dieselfde pryse vir dieselfde goedere/dienste in verskillende areas gevra. (6)

4.2 Noem DRIE tipes besigheidsongewings en noem die mate van beheer wat besighede oor ELK van hierdie omgewings het.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.2 te beantwoord.

BESIGHEIDSOMGEWINGS	MATE VAN BEHEER
1.	
2.	
3.	

(6)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Besighede is verplig om te verseker dat werknemers in 'n veilige omgewing werk en dat werkplekbewerings aangemeld word.

4.3.1 Identifiseer die Wet wat op die scenario hierbo van toepassing is. (2)

4.3.2 Gee besighede raad oor optrede wat as diskriminerend beskou kan word, met verwysing na die Wet wat in VRAAG 4.3.1 geïdentifiseer is. (6)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.4 Noem TWEE bronne van interne werwing. (2)

4.5 Verduidelik die keuringsprosedure as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit. (8)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

PERS ONDERNEMINGS (PO)

Pers Ondernemings is 'n groot kleinhandelaarsbesigheid wat 'n verskeidenheid produkte verskaf. Hulle berei hul eie finansiële verslae voor om akkurate belastingbetalings te verseker. PO het vinnig gereageer toe een van hulle kliënte nie met hul diens tevrede was nie. PO wil die gehaltesirkels gebruik om hul prosesse en stelsels te verbeter.

4.6.1 Identifiseer TWEE besigheidsfunksies wat op PO van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.6.1 te beantwoord.

BESIGHEIDSFUNKSIES	MOTIVERING
1.	
2.	

(6)

4.6.2 Gee PO raad oor die belangrikheid van gehaltesirkels as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels vir 'n besigheid.

(4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan.
Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv.
VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy **OF** VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5 : BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

Die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 of 2003) (in 2013 gewysig) is ingestel om die uitdagings van Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) te oorbrug. Besighede word nou verplig om aan hierdie Wet te voldoen.

Jy spesialiseer in die leiding van besighede om die BBSEB te implementeer.
Skryf 'n opstel oor die volgende aspekte:

- Onderskei tussen *SEB* en *BBSEB*.
- Evalueer die impak van BBSEB op besighede.
- Bespreek die implikasies van die volgende BBSEB pilare op besighede:
 - Bestuur
 - Eienaarskap
 - Onderneming- en verskafferontwikkeling
- Gee besighede raad oor die strafmaatreëls wat hul in die gesig kan staar vir nienakoming van die BBSEB.

[40]**VRAAG 6: BESIGHEIDBEDRYWIGHEDE (GEHALTE VAN PRESTASIE)**

Besighede implementeer gehalteversekering sodat hulle gehalteprodukte kan vervaardig. Sommige bestuurders glo dat dit bereik kan word deur op gehaltebestuur en gehalteprestasie te fokus. Ander redeneer dat die aankopiefunksie en die produksiefunksie 'n belangrike rol in die implementering van totale gehaltebestuur (TGB) speel.

Skryf 'n diepgaande analise van die gehalteprestasie deur na die volgende aspekte te verwys:

- Brei uit oor die betekenis van *gehalteversekering*.
- Onderskei tussen *gehaltebestuur* en *gehalteprestasie*.
- Bespreek die impak van die volgende elemente van TGB op groot besighede:
 - Totale kliënte-/klantetevredenheid
 - Voldoende finansiering en kapasiteit
- Stel gehalte-aanwysers van die aankopiefunksie en die produksiefunksie voor wat besighede kan gebruik om mededingend te bly.

[40]

TOTAAL AFDELING C:
GROOTTOTAAL:

40
150